Die doop word vanmôre bedien aan Sebastian, baba van Barend en Maria Pretorius. Baie welkom aan al die familie en vriende. Ons is saam bly oor die daad van liefde wat God aan sy kindertjies bewys.

Tema: Wees bly oor jou nuwe lewe in Christus.

Vooraf sang
Lied 447: 1, 2, 3

Ontmoetingsdiens
Intreelied Ps 66-2: 4
Votum
Seën
Loflied Ps 33-1: 1, 2
Geloofsbelydenis uit NGB artikel 1- almal sê hardop saam.

Verootmoedigingsdiens
Wet voorlesing uit Sb 9-2: 1 – 8
Sing Sb 9-2: 9
Gebed

Sakramentbediening
Doopformulier
Sing na die doop Lied 292: 2
Gebed

Woorddiens
Skriflesing**:** Johannes 16: 16 - 24
Teks: Johannes 16: 20 - 22
Sing Sb 2-4: 1
Woordverkondiging

Antwoorddiens
Dankgebed
Liefdegawes
Sing Sb 3-4: 1, 5;
Seën
Amen Sb 13-2.

Geliefde broeders en susters en kinders

Daar is nie ’n groter geskenk wat ’n mens kan ontvang as die geskenk van ’n nuwe lewe nie! Elke keer as ’n baba gebore word, is die vreugde oor die nuwe lewe oorweldigend vir die familie. Net so is ons almal saam met Barend en Maria bly oor die nuwe lewe wat die Here in Sebastian gegee het. Die wonder dat die Here hierdie nuwe lewe kan skep laat mens telkens verstom staan. Dink jy na oor die wonder van konsepsie, van die vorming van hierdie mensie in die mamma se baarmoeder om dan deur die geboorteproses in die wêreld te kom, dan voel ’n mens klein voor God se almag en genade.

Brs. en srs., net so verwonderd en bly moet elkeen van ons wees oor die nuwe geestelike lewe wat God aan elkeen van ons wat glo, geskenk het. Die begin of konsepsie van hierdie nuwe geestelike lewe by God, die geboorteproses daarvan deur die sterwe en opstanding van Christus en die realisering daarvan deur die Heilige Gees in elkeen van ons se lewe is net so wonderwerk soos die geboorte van ’n kind! **En wanneer ons vanmore daaroor nadink kan en moet ons bly wees soos by die geboorte van ’n lang verwagte baba!**

So sê die Here dan vanmore vir ons: Wees bly oor julle nuwe lewe in Christus!

Daarom moet ons mekaar vra: is ons bly oor ons nuwe lewe? Beleef ons die lewe in Christus as ’n onverdiende geskenk van die Here wat ons elke dag opnuut met vreugde en dankbaarheid vervul? **En as dit waar is**: hoekom sien ons so min van hierdie vreugde in ons lewe? **Hoekom sien ons so min van dié blydskap onder gelowiges wanneer ons saamkom om ons nuwe lewe in Christus te vier?** Soms kry jy eerder die indruk dat ons saamkom om begrafnis te hou as om die geboorte van nuwe lewe te vier!

Geliefdes, die Here wil ons vanmore weer daaraan herinner dat ons lewe in Hom ’n lewe van volkome blydskap is en dat ons dit so moet geniet en vier!

Die Here Jesus was in ons teksverse besig om die dissipels voor te berei vir sy dood, opstanding en hemelvaart. Reeds in hoofstukke 13 en 14 het Jesus al begin praat oor sy hemelvaart en het Hy telkens vir hulle gesê dat Hy na sy Vader toe moet teruggaan. Hier in hf. 16 praat hy weer in verse 5 – 15 van die feit dat Hy na sy Vader toe gaan. **En dan sê Jesus in ons teksgedeelte**: “nog ’n klein rukkie en dan sien julle my nie meer nie en weer ’n klein tydjie dan sien julle my”! Die dissipels het verward geraak en wou by Jesus weet wat Hy bedoel.

Waar Jesus in die vorige gesprekke gepraat het oor sy hemelvaart praat Hy hier van sy dood en opstanding. Hy bedoel dat daar ’n klein rukkie gaan verloop en dan gaan hulle Hom nie weer sien nie want Hy gaan gevang word, gekruisig en begrawe word! En hierdie gebeure **gaan maak dat die dissipels baie hartseer sal word en baie sal huil.** Hulle gaan dink dat die wonder van die lewe wat Christus vir hulle gebring het, dan verby sal wees want hulle het nog nie geglo dat Hy weer uit die dood gaan opstaan nie.

Hierdie hartseer en trane oor die feit dat Jesus dood gaan wees, **gaan vererger word deur die feit dat die wêreld daaroor baie bly gaan wees!** Die kerkleiers van daardie tyd en die volk wat Jesus nie as Verlosser wou aanvaar nie, gaan baie bly wees dat die "Godslasteraar" Jesus wat Homself as Koning van die Jode en as Verlosser aangebied het, sy verdiende loon gekry het! Hy is gekruisig en is dood en begrawe. Reg het geskied! Die Romeinse regering gaan baie bly wees want uiteindelik is daar nou weer vrede onder die Jode en kan die lewe in Jerusalem en die provinsie nou weer doodgewoon aangaan!

Ja, die Satan en sy magte gaan baie bly wees want hy gaan dink dat hy die oorwinning behaal het – Jesus is dood en nou sal die ryk van Satan en die ryk van die duisternis en sonde hoogty kan vier! God se plan het misluk! Om die metafoor van Jesus te gebruik: God se plan lyk na 'n misgeboorte! En die gelowiges gaan hieroor baie hartseer wees.

Maar, sê Jesus, hierdie hartseer en trane sal van korte duur wees! Dit sal 'n klein tydjie wees, **want Hy gaan na 3 dae uit die graf opstaan en wanneer die dissipels Hom weer sien dan sal hulle baie bly wees!** Hulle sal dan 'n blydskap hê wat niemand ooit weer van hulle sal kan wegvat nie! **Dan hulle gaan besef en glo dat Jesus werklik die Verlosser is, dat Hy werklik die sonde en die dood oorwin het en dat Hy vir ewig gaan lewe! En dat hulle nuwe lewe in Hom nooit weer van hulle weggenaam kan word nie!**

Die Here Jesus vergelyk hierdie gebeure met 'n geboorteproses van 'n baba! Wanneer 'n swanger vrou in kraam gaan is daar baie pyn en trane oor geboortepyne wat haar oorval. Maar wanneer die baba gebore word, dan is die trane en swaarkry iets van die verlede **want die blydskap oor die nuwe lewe van die baba oorweldig alle trane en pyn!**

Wat gebore is met Christus se opstanding is die nuwe lewe wat Hy aan gelowige gee. Dit is 'n lewe wat deur **God geskep word i**n die harte van gelowiges. Hy gee geloof en bring die sondaar mens in verhouding met Hom. Dit is 'n lewe waar die **sondige mens sonder enige vrees** hoef te lewe want daar is vir al ons sonde betaal. **Jesus se kruisiging, sterwe en opstanding is as't ware die geboorteproses van hierdie nuwe lewe!** God bring ons in die nuwe lewe deur Jesus se kruis, sterwe en opstanding! God gee ook aan ons die Heilige Gees om hierdie nuwe lewe in ons in stand te hou en te laat groei.

En hierdie nuwe lewe in Christus is 'n lewe waarin God vir alles sorg wat ons nodig het! Soos Barend en Maria Sebastian versorg, klere aantrek en kos gee en beskerm teen gevaar, so sorg die Here vir ons! **Met nog baie meer liefde as wat aardse ouers dit kan doen.** Hy sê dat Hy as ons Vader presies weet wat ons nodig het en dat Hy die beste weet om vir ons te sorg na ons liggaam en ons gees! Ons as sy kinders hoef nie en mag nie bekommerd wees oor ons lewe nie – want God sal sorg!

Hierdie nuwe lewe in Christus is ’n lewe wat vir ewig gaan aanhou! Die dood kan nie meer nie hierdie lewe beëindig nie – ja selfs al sterf die liggaam – leef die gelowige in sy of haar gees voort by die Here tot met die wederkoms! Dit is ons troos by die dood.

Dit is dus ’n lewe van oorwinning!

Hierdie, geliefdes, is die lewe waaroor ons bly moet wees! Dit is wat aan ons gegee is toe Christus daardie Sondagoggend opgestaan het! Onthou julle nog hoe bly en opgewonde was die vroue en die dissipels toe hulle Jesus weer gesien het! Hulle kon hulle blydskap nie wegsteek nie en moes dit vir almal vertel!

Hoekom sou ons dan so sukkel om bly te wees oor ons nuwe lewe?
Is dit nie dalk omdat ons nie regtig huil oor die feit dat Christus vir ons sonde moes sterf nie? Beleef ons regtig die droefheid oor ons sonde? Oor ons sonde waaroor Jesus in barensnood van die dood moes gaan? Br. en sr., wie nie die doodsheid van jou eie sonde besef nie, wie nie weet en verstaan dat jy vanweë jou sonde in ewige donkerte en vrees sou leef nie, kan nie waarlik bly wees oor die nuwe lewe in Christus nie!

Vir ons kindertjies: as jy weet dat die dinge wat jy verkeerd doen, Jesus se hart seer maak, dat Hy huil oor ons sonde en moes sterf vir ons sonde – dan alleen is jy bly oor die geskenk wat Jesus vir elke kind gee: die geskenk van ’n lewe by Jesus – waar Hy vir ons sorg!

Br. en sr. waarom is die blydskap by ’n geboorte so intens en oorweldigend? Want dit volg op die geweldige pyn en trane van die geboortepyne! Wie nie Jesus se lyde aan die kruis as gevolg van ons sonde verstaan en self daaroor huil nie, kan nie die intense blydskap van die nuwe lewe wat Hy vir ons gegee het, waarlik self beleef nie!

Geliefde br. en sr., kom ek en jy besef vanmore weer opnuut hoe verskriklik my en jou sonde is! Ons sonde is die rede vir Christus se sterwe! Die dissipels het in ’n **persoonlike verhouding** met die Here Jesus gestaan en daarom sou sy sterwe vir hulle trane bring! Persoonlike verlies – hulle Here is dood! Wie die Here Jesus persoonlik ken en Hom elke dag in die oë kyk, kan nie anders as om te huil oor ons sonde nie! **Dan word dit persoonlike verlies – en persoonlike vreugde!**

Maar wie die opgestane Jesus ook aan die regterhand van God sien sit en weet dat sy dood en opstanding die geboorte was van ons ewige verhouding met God – kan nie anders as om bly te wees oor hierdie nuwe lewe nie.

Wat dus gebore is, is 'n hegte verhouding met my Vader. Nuwe nabyheid, nuwe bewuswording van sy liefde en sorg. Nuwe insig in wat met my gebeur en waarom dit gebeur. **En hierdie wete maak bring blydskap in my lewe. Dit laat my straal soos 'n vrou wat pas geboorte geskenk het en uit wie se oë die blydskap en dankbare vreugde van die nuwe lewe straal.**

Natuurlik brs. en srs., is daar nog baie dinge in hierdie nuwe lewe wat ons blydskap wil beroof! Ons sonde en die beproewing van die lewe wil Satan juis gebruik om ons van ons blydskap te beroof. **Maar daarom sê Jesus in vers 24:** "Tot nou toe het julle nog nie in my Naam gebid nie. Bid, en julle sal ontvang, sodat julle blydskap volkome kan wees"

Omdat Jesus die Satan oorwin het en nou aan die regterhand van God sit en oor ons lewe regeer, kan Hy ons geloofsblydskap volkome maak! Al wat ek moet doen is om te bid! Deur gebed kom daar vreugde in my lewe want die geloofvreugde oorweldig die pyne van die lewe!

Die "volkome blydskap" van vers 24 beteken nie dat ons lewe volmaak is nie. Dit sal ons eers ervaar wanneer die Here weer kom. **Dit beteken wel dat ons blydskap in Christus gekom het om te bly.** Niemand nie, nie eers die duiwel en sy magte sal ons ooit daarvan beroof nie. Daarvan kan ons seker wees.

Geliefdes, kom ons vier vanmore dan met groot vreugde die gawe van die nuwe lewe wat God ons gegee het. Die Here gebruik vanmore die geboorte en vreugde oor die lewe van Sebastian om elkeen van ons weer ware vreugde te laat belewe. Kom ons huil elke dag oor ons sonde want dan sal ons elke dag regtig bly wees oor ons nuwe lewe in Christus ware blydskap – soos by ŉ geboorte.

Amen.